



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2016
GRAAD 10

REKENINGKUNDE

TYD: 120 minute

PUNTE: 200

7 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 120 minute

PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit noukeurig.

- 1 Beantwoord AL die vrae.
- 2 'n Spesiale ANTWOORDBOEK is voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
- 3 Berekeninge moet getoon word om deelpunte te verdien.
- 4 Nie-programmeerbare rekenaars mag gebruik word.
- 5 Jy mag 'n **donker potlood** of **blou/swart pen** gebruik om die vrae te beantwoord.
- 6 Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word.
Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNT | TYD |
|--------------|---|-------------|----------------|
| 1 | Rekeningkundige konsepte en ontleding van transaksies | 65 | 39 min |
| 2 | Salarisse | 30 | 16 min |
| 3 | Joernale en kontrole rekeninge | 95 | 55 min |
| 4 | Lenings en rente | 10 | 10 min |
| | TOTAAL | 200 | 120 min |

**VRAAG 1 REKENINGKUNDIGE KONSEPTE EN
ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**

(65 punte; 39 minute)

VRAAG 1.1 REKENINGKUNDIGE KONSEPTE

GEVRA:

- 1.1 Pas die beskrywing in KOLOM A by die item voorsien in KOLOM B. Skryf slegs die letter A – E langs die vraag nommer 1.1.1 – 1.1.5. (10)

| | KOLOM A | KOLOM B | |
|-------|---|---------|------------------|
| 1.1.1 | Eienaar se bydrae om die besigheid te begin | A | Proefbalans |
| 1.1.2 | Lys van saldo's uit die Algemene grootboek | B | Etiek |
| 1.1.3 | Hulpjoernaal wat gebruik word om kleiner betalings te boekstaaf | C | Brondokumente |
| 1.1.4 | Waardes wat onderskei tussen reg en verkeerd | D | Kapitaal |
| 1.1.5 | _____ word gebruik om hulpjoernale op te stel. | E | Kleinkasjoernaal |

VRAAG 1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

GEVRA:

- 1.2 Ontleed die transaksies van Fashion Boutique. Aanvaar dat die bank ten alle tye 'n gunstige saldo het. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 70% op kosprys.
- 1.2.1 Die bankstaat toon 'n totaal van R270 as bankkoste. (5)
- 1.2.2 Die bankstaat toon 'n deposito van R30 000 deur FBN bank as 'n lening. (5)
- 1.2.3 Koop goedere op krediet van Atlantic Handelaars vir R10 700 en ontvang 'n 10% handelskorting (7)
- 1.2.4 Ontvang 'n tjek van R3 150 vanaf M. Naidoo ter vereffening van sy rekening. Daar is 'n 10% vereffeningafslag op die bedrag wat deur hom verskuldig is, aan hom toegestaan. (12)
- 1.2.5 Die kleinkas kassier het R960 gebruik. Die kleinkas voorskot bedrag is R1 200. Reik 'n tjek uit om die kleinkasvoorskot te herstel. (5)
- 1.2.6 Ontvang R1 800 van H. May, 'n debiteur. Sy rekening is voorheen afgeskryf as oninbaar. (5)

- 1.2.7 Belê R12 000 by CB Bank as 'n vaste deposito teen 18% p.j. rente d.m.v. 'n elektroniese bank oorplasing (EFT). (4)
- 1.2.8 Die bank het M. Sony se tjek as onbetaald gemerk. Die tjek van R 490 was ontvang ter vereffening van sy rekening van R5 660. (12)

VRAAG 2 SALARISSE**(30 punte; 16 minute)**

Die onderstaande inligting vir die maand voorsien is 'n uittreksel uit die boeke van Mzansi Plastiek vir Mei 2016.

GEVRA:

- 2.1 Voltooi die salarisjoernaal op 31 Mei 2016. (10)
- 2.2 Dui aan watter bedrag sal betaal word aan die Pensioenfonds vir Mei 2016. (3)
- 2.3 Dui aan watter bedrae gedebiteer sal word na die salaris en mediese fondsydrae rekeninge op 31 Mei 2016. (3)
- 2.4 2.4.1 Ontleed die salarisskaal van Omni in die kolomme verskaf in die antwoordboek.
- 2.4.2 Dui aan in watter jaar Omni indiens geneem is indien hy aangestel is met 'n salaris van R140 400 per jaar.
- 2.4.3 Gee EEN moontlike rede waarom Omni nie indiens geneem is op die begin vlak van die salarisskaal nie.
- 2.4.4 Wat is Omni se jaarlikse salaris in 2016? (12)
- 2.5 Sherwin het versoek dat sy bonus kontant aan hom uitbetaal word en nie op sy salarisstrokje getoon word nie. Noem EEN rede waarom daar nie aan sy versoek voldoen moet word nie. (2)

INLIGTING:

| 1. | Besonderhede | Werknemers | | |
|----|---|--|----------|----------|
| | | Omni | Musi | Sherwin |
| | Maandelikse basiese salaris | R 14 400 | R 12 000 | R 13 000 |
| | Bonus | - | - | R 6 500 |
| | Aftrekkings | | | |
| | LBS | R 1 400 | R 1 000 | R 1 200 |
| | Mediesefonds | R 1 000 | R 800 | R 900 |
| | Pensioenfonds | 8% van basiese salaris vir alle werknemers | | |
| | WVF (1% van basiese salaris) | 1% van basiese salaris vir alle werknemers | | |
| 2. | Bydraes deur die werkgever <ul style="list-style-type: none"> • Pensioen: 11% van basiese salaris • Mediesefonds: Rand-vir-Rand basis • WVF: 1% van basiese salaris | | | |
| 3. | Omni is 'n Batebestuurder by Mzansi Plastiek. Omni se salarisskaal is soos volg: R135 200 x R5 200 – R150 800 x R11 000 – R194 800 Omni se salaris is R14 400 per maand vanaf 1 Januarie 2016. | | | |

VRAAG 3 JOERNALE EN KONTROLEREKENINGE**(95 punte; 55 minute)**

Die onderstaande inligting voorsien, is 'n uittreksel uit die boeke van Super Handelaars.

GEVRA:

- 3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. (10)
- 3.1.1 Interne kontrole prosesse help om die bates van die besigheid te beveilig.
- 3.1.2 Die saldo van die debiteurekontrole rekening hoef nie gelyk te wees aan die debiteurelys nie.
- 3.1.3 'n Fisiese voorraadopname word gedoen om die saldo van die Handelsvoorraad rekening te bevestig.
- 3.1.4 Kontant korting word aangebied aan debiteure wat hul rekeninge tydig vereffen.
- 3.1.5 Handelskorting word aangebied aan grootmaat kopers en verhoog dus die winsopslag van die besigheid.

- 3.2 Voltooi die Algemene Joernaal vir April 2016. Geen redes vir joernale word verlang nie. (33)
- 3.3 Stel die volgende Algemene Grootboekrekeninge op:
- | | | | |
|-------|--------------------|-----------------------------------|------|
| 3.3.1 | Debiteurekontrole | (Saldo op 1 April 2016 – R24 900) | (16) |
| 3.3.2 | Krediteurekontrole | (Saldo op 1 April 2016 – R21 350) | (16) |
| 3.3.3 | Handelsvoorraad | (Saldo op 1 April 2016 – R38 460) | (20) |

INLIGTING:**1. Inligting vir die opstel van die algemene joernaal vir April 2016:****Dag: Transaksie:**

- 5 Dealer Co, 'n krediteur, het 15% p.j. rente gehef op die besigheid se agterstallige rekening van R5 100. Die rekening is 4 maande agterstallig.
- 7 Hef 10% rente p.j. op die uitstaande rekening van M Moleki, 'n debiteur. Sy rekening van R1 700 is 6 maande agterstallig.
- 9 Die boekhouer het per abuis die R7 000 herstelwerk van die voertuig na die voertuig rekening in die algemene grootboek geboekstaaf.
- 13 'n Faktuur vir R1 300 ontvang vanaf Tiny Tots Bpk is foutiewelik na Teens Bpk geboekstaaf.
- 21 Kontant aankope van verbruiksgoedere ter waarde van R3 600, is foutiewelik in die KBJ se handelsvoorraad kolom geboekstaaf en dienooreenkomstig oorgeboek na die handelsvoorraad rekening. Stel die fout reg.
- 25 R Man, 'n debiteur, is insolvent verklaar. Ontvang 35 sent uit elke rand uit sy boedel. Sy uitstaande skuld beloop R2 800. Die res moet as oninbaar afgeskryf word.
- 29 'n Kredietnota, R900, uitgereik aan Omega Bpk is oorgeboek na Game Bpk.
- 29 Die eienaar neem goedere ter waarde van R150, vir eie gebruik.

2. Totale van joernale op 30 April 2016:

| A. Kontantontvangste joernaal | R | B. Kontantbetalings Joernaal | R |
|---------------------------------------|--------|--|--------|
| Bank | ? | Bank | ? |
| Korting toegestaan | 720 | Korting ontvang | 540 |
| Debiteurekontrole (Ingesluit korting) | 17 454 | Krediteurekontrole (Ingesluit korting) | 21 990 |
| Verkope | 19 058 | Handelsvoorraad | 10 736 |
| Koste van verkope | 12 754 | Debiteurekontrole | 747 |
| Diverse rekeninge | 1 540 | Diverse rekeninge | 6 243 |

| C. Debiteurejoernaal | R | D. Debiteure-afslagjoernaal | R |
|----------------------|--------|-----------------------------|-----|
| Verkope | 12 942 | Debiteureafslag | 820 |
| Koste van verkope | 8 460 | Koste van verkope | 260 |

| E. Krediteurejoernale | R | F. Krediteure-afslagjoernaal | R |
|-----------------------|--------|------------------------------|-----|
| Krediteurekontrole | ? | Krediteurekontrole | ? |
| Handelsvoorraad | 11 764 | Handelsvoorraad | 984 |
| Toerusting | 3 760 | Toerusting | 490 |
| Skryfbehoeftes | 586 | Skryfbehoeftes | 56 |
| Diverse rekeninge | 1 590 | Diverse rekeninge | 320 |

| G. Kleinkasjoernaal (Inligting van die diverse rekeninge kolom) | | R |
|---|--|-----|
| 17 | Die eienaar neem kontant vir eie gebruik | 150 |
| 21 | Betaal kontant aan 'n krediteur | 350 |
| | | |

VRAAG 4 LENINGS EN RENTE

(10 punte; 10 minute)

GEVRA:

- 4.1 Stel die Lening: Star Bank-rekening op en saldeer dit op 29 Februarie 2016. (7)
- 4.2 Bereken die kapitaalgedeelte wat op die lening afbetaal is. (3)

INLIGTING:

| Leningstaat ontvang van Star Bank op 29 Februarie 2016 | |
|--|---------|
| Saldo verskuldig op 1 Maart 2015 begin van jaar | 210 000 |
| Totale terugbetaling ingesluit rente vir die jaar | 54 000 |
| Saldo verskuldig op 29 Februarie 2016 | 191 700 |
| Nota: Rente word gekapitaliseer deur die bank. Geen inskrywings is nog gemaak t.o.v. die lening nie. | |

TOTAAL: 200

EINDE